# Die Here beskerm en help jou



**2024-04-07**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## Psalm 3

Psa 3:1 'n Psalm van Dawid toe hy gevlug het vir sy seun Absalom.
Psa 3:2 o HERE, hoe het my teëstanders vermenigvuldig! Baie staan teen my op.
Psa 3:3 Baie sê van my: Daar is geen heil vir hom by God nie. Sela.
Psa 3:4 Maar U, HERE, is 'n skild wat my beskut, my eer en die Een wat my hoof ophef.
Psa 3:5 Luid roep ek die HERE aan, en Hy verhoor my van sy heilige berg. Sela.
Psa 3:6 Ek het gaan lê en aan die slaap mag raak; ek het wakker geword, want die HERE ondersteun my.
Psa 3:7 Ek sal nie vrees vir tien duisende van mense wat rondom teen my gereed staan nie.
Psa 3:8 Staan op, HERE; verlos my, my God! Want U het al my vyande op die kakebeen geslaan; U het die tande van die goddelose stukkend gebreek.
**Psa 3:9** Die heil behoort aan die HERE; laat u seën wees oor u volk! Sela.

2

# Dawid vlug voor sy seun

Psa 3:1 'n Psalm van Dawid toe hy gevlug het vir sy seun Absalom.

- **Dawid se eie seun Absalom beplan 'n sameswering om Dawid se koningskap oor te neem, asook om sy lewe te neem.**
  - **(2 Sam 15, 16)**
- **In sy benoudheid het Dawid geween en gebid tot die Here.**

2Sa 15:14 het Dawid aan al sy dienaars wat by hom in Jerusalem was, gesê: Maak klaar en laat ons vlug, want daar sal vir ons geen ontkoming wees voor Absalom uit nie! Maak gou om weg te kom, sodat hy ons nie miskien gou inhaal en onheil oor ons bring en die stad met die skerpte van die swaard verslaan nie.

2Sa 15:23 En die hele land het hardop gehuil terwyl al die mense verbytrek; en die koning het deur die spruit Kidron getrek; en al die mense het deurgetrek op pad na die woestyn.

2Sa 15:30 En Dawid het die hoogte van die olywe opgeklim, terwyl hy aldeur loop en ween; en sy hoof was bedek, en hy het kaalvoet geloop; en al die mense wat by hom was, hulle het elkeen sy hoof bedek en opgegaan en aldeur geween.

3

# Dawid noem sy laste en klagtes vir die Here

Psa 3:2 o HERE, hoe het my teëstanders vermenigvuldig! Baie staan teen my op.
Psa 3:3 Baie sê van my: Daar is geen heil vir hom by God nie. Sela.

**1. Sy teëstanders (vyande) het vermenigvuldig.**
- Hulle is baie. So baie wat hom wil leed aandoen.
- Hoeveel vyande het jy moontlik vandag?
- Onthou hoeveel vyande Jesus Christus gehad het.

**2. Baie sê daar is geen hulp by God nie.**
- Die mense om hom saai vrees en is moedswillig.
- Sê negatiewe dinge, en dat God hom nooit sal help nie.
- Laster teen God en maak Hom selfs 'n leunaar.

4

## Maar U Here is 'n skild

Psa 3:4 Maar U, HERE, is 'n skild wat my beskut, my eer en die Een wat my hoof ophef.

Psa 3:3 But thou, O LORD, *art* a shield for me; my glory, and the lifter up of mine head. KJV

1. **Maar U Here is 'n skild wat my beskut.**

- Ons mag nooit twyfel in die Here nie.
- Hoe meer die vyand valse woorde versprei, hoe meer behoort ons aan die Here vas te gryp.
- Skild hou ons veilig. ("shield about/around me")

**2. Die Een wat my hoof ophef.**

- Hy sal jou kop wat dalk in skaamte gebuig is oplig.
- Hy herstel ook jou eer, selfs al verloor jy soms iets. (Jes 60:19)

3. **Die Here is die Een wat geprys moet word.** ("my glory and the lifter")

5

## Onthou wat die Here gedoen het

Psa 3:5 Luid roep ek die HERE aan, en Hy verhoor my van sy heilige berg. Sela.

1. **Voorheen het die Here Dawid nog altyd verhoor**

- Uitdagings en moeilike oomblikke dryf ons vining op ons knieë.
- Dit is nie sleg vir ons nie.
- Geleentheid vir die Here om te werk en vir ons om te groei

6

## Die Here gee rus te midde van jou nood

Psa 3:6 Ek het gaan lê en aan die slaap mag raak; ek het wakker geword, want die HERE ondersteun my.

**1. Ons kan veilig rus onder die Here se beskerming**

- Dawid het nie bekommerd of bevrees wakker gelê nie.
- Hy het ook weer wakker geword, en die Here het hom versterk.
- Hy het geweet hy gaan weer wakker word.
- In die middel van aanslae kan ons kalm en gerus wees.

**2. Die Heilige Gees versterk ons.**

7

## Vrees nie

Psa 3:7 Ek sal nie vrees vir tien duisende van mense wat rondom teen my gereed staan nie.

**1. Moet nie vrees nie**

- Selfs al is daar 'n meerderheid vyande rondom jou.
- Die vyand sal jou nie kan seermaak nie.
- Hy kan niks aan jou doen nie.
- Die vyand is dalk rondom jou, maar so ook die skild wat jou beskut

8

## Dawid bid vol selfvertroue en geloof

Psa 3:8 Staan op, HERE; verlos my, my God! Want U het al my vyande op die kakebeen geslaan; U het die tande van die goddelose stukkend gebreek.

**1. Dawid bid tot die Here**

- Hy het die Psalm begin op 'n moedelose toon met sy klagtes oor sy vyande wat te veel geword het.
- Nou bid hy egter in geloof en oorwinning. Selfvertroue.
- Staan op Here; verlos my, my God!

9

## Dawid bid vol selfvertroue en geloof

Psa 3:8 Staan op, HERE; verlos my, my God! Want U het al my vyande op die kakebeen geslaan; U het die tande van die goddelose stukkend gebreek.

**2. Die Here se oorwinning oor die vyand.**

- Hy het die vyand se tande gebreek.
- Die Here gee oorwinning en redding.
- Ons kan die vyand ook oorwin in die magtige Naam van Jesus Christus.

10

# Gee eer en lof aan die Here

Psa 3:9 Die heil behoort aan die HERE; laat u seën wees oor u volk! Sela.

- **Gee lof en aanbidding aan die Here.**
- **Bid ook vir Sy seen oor Sy kinders.**



11